

KOMMUNIKAMMA



Teks vir die week: Luk 12:22-23; 29

²²*Verder het Jesus vir sy dissipels gesê: "Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. ²³Die lewe is tog belangriker as kos en die liggaam as klere.*

²⁹*Julle moet julle ook nie gedurig afvra wat julle gaan eet of drink nie, en julle moenie besorg wees nie."*

* Bid en dank die Here vir moeders, vir alle vroue wat Hom ken en dien.

* Lynette Botha van Yorkshirestraat 31 sukkel met haar gesondheid.

* Isabelle Calitz van KKR sukkel met haar gesondheid.

* Irma Loots gaan vir behandeling.

* Willie Esterhuizen sukkel met sy gesondheid.

* Anita Esterhuizen se swaer het pankreaskanker.

* Dank die Here vir die verkiesing wat afgehandel is. Bid dat almal die uitslag sal aanvaar.

Ons bid dat die nuwe regering ondersteuning sal geniet terwyl hulle een nasie bou waarin almal hulle gawes kan beoefen om by te dra tot die gemeenskaplike voordeel.

* Bid vir almal wat swaarkry en eensaam is, dat hulle sal besef God gee vir hulle om.

* Vreemdelinge, dat hulle in ons gemeente 'n geestelike tuise sal vind.

* Mense wat swaarkry in die koue winter wat voorlê.

Bid saam vir die Moslem-wêreld gedurende Ramadan. **"Wat sal gebeur as Christene gedurende die maand van Ramadan vurig bid dat God Homself aan Moslems, wat soekend is gedurende hierdie tyd, sal openbaar? Wat as ons vir 30 dae vir die miljoene Moslems wat vas, sal intree met intensiewe voorbedding, dat iets tydens hulle geestelike soeke, sal gebeur? As ons in die krag van gebed glo, kan ons dan nie ook verwag dat God op ons opregte besorgdheid vir die miljoene verlorene wêreldwyd sal reageer nie?"** (Dr Jerry Rankin)

Ramadan duur van 5 Mei tot 4 Junie 2019.

*Bid saam met Christene in Egipte, sodat hulle sal voortgaan om die kerk te bou met vrymoedigheid en passie te midde van diskriminasie, verlies en geweld.

SONDAG 12 MEI 2019

08:30 Eietydse diens

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens

Die deurdankoffer is vir Huis Louisa Meyburgh

Teebeurt vandag: Papawer sel

Teebeurt 17: Kappertjie sel

MAANDAG 13 MEI

12:45 Gebedskild in die gebedskamer.

18:00 Administrasie diensterrein.

DINSDAG 14 MEI

Leef@kerk.

DONDERDAG 16 MEI om 09:30 FONTEINVRIENDE

Mev Karen Swartbooij, sentrumbestuurder van Protea Child Care, wat werk met kinders wat weggeneem is uit toestande van geweld, aanranding of ander gedragsprobleme het, kom ons toespreek in die saal. (Hulle is seuns en dogters tussen ouderdomme 6-12 jaar).

Bring asb toiletware soos seep, tandepasta, sjampoe en deodorant saam om hul te ondersteun.

Ons nooi jul hartlik uit om saam met ons te kom kuier. Kom ons betoon ons liefde teenoor hulle wat swaarkry.

VRYDAG 17 MEI

MANNEBYEENKOMS

05:00 By Elandré Bosch, Lilylaan 68.

SONDAG 19 MEI

08:30 Eietydse diens

09:45 Kategese (Kategese uitreik vir Hoërskool)

10:00 Klassieke diens

VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU

Die 1ste fase van verbetering aan die kerkgebou sluit die bou van 'n verhoog, verbetering aan die moederskamer en klank in. Bouwerk begin 10 Junie 2019. Daar word beplan dat die bouwerk tydens die Junie/Julie vakansie gedoen sal word. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.

Imagine Kidz is weer hier! Al die maats van gr R tot gr 7 is welkom om gedurende 24-28 Junie 2019 te kom deel in die pret. Op hierdie stadium is ons dringend opsoek na Groepleiers (Gr 8 tot Gr 12) en ook Stasieleiers (volwassenes). Indien jy deel wil wees van hierdie opwindende week, kontak Petru Vlok by 083 522 9880.

WEBBEDIENING

Ons is opsoek na persone wat wil help met die Webbediening - kies waar jy jou talente en vaardighede wil aanwend:

Help met plaas van terugvoer van diensterreine/ kleingroepe, Geestelike 'padkos', taalversorging, fotogalery, Grens.Pos/ABC/FEBA Radio se gebedsversoeke en e-nuusbriefe Samestelling van kuberamma Bepanning en onderhoud van webwerf saam met webmeester.

Let wel: Geen kennis van programmering is nodig nie – slegs die vaardigheid om e-pos te ontvang en te stuur plus entoesiasme vir die Webbediening elke dag. ePos kuberamma@ngkraggakamma.co.za vir meer besonderhede.

ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK

Ons hou hierdie jaar in plaas van die Vrouekamp, 'n Kamp vir Egpape. Dit vind plaas die naweek van 4-6 Oktober by Eersterivier.

Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei. Deel van die naweek is om te gaan stap. (Jy hoef nie fiks te wees nie, maar jy moet kan stap)

Gesels met mekaar daarvoor en gee jul name vir Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357) per sms of watts app indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings vir die kamp, gee ook jou naam en noem dat jy graag vir help.

Verblyf: Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir mense om te bly, daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek. Kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.

Kamp koste: R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.

Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

NUWE LIDMATE

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberamma@ngkraggakamma.co.za

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: www.ngkraggakamma.co.za.

STEYTLERVILLE NOODFONDS

'n Fondsinsameling ten bate van die Steytlerville noodfonds is tans aan die gang. Kaartjies, wat R100.00 'n kaartjie kos, is by die kerkkantoor beskikbaar. Die eerste prys is 'n jagpakket (1 koedoe en 2 springbokke) by 'n gesogte jagplaas. Veertig pryse van koedoes of springbokke kan gewen word. R25-00 van elke kaartjie wat ons verkoop, word vir ons kermis geskenk. Die sluitingsdatum is 31 Mei 2019.

AFSKEID VAN DAAN

Op Sondag 2 Junie 2019, na afloop van Nagmaal, groet ons oom Daan Venter, ons vorige koster. Almal is welkom om saam te kom kuier in die saal. Ons versoek dat elkeen eetgoed saambring wat genoeg is vir die aantal mense wat saam met jou kom om die afskeid by te woon. Eetgoed kan voor die nagmaaldiens in die saal neergesit word.

Ma

Die Here het 'n wonderlike engel geskep
wat nooit sou oud word nie

Hy het vir haar 'n glimlag van sonskyn gegee
en vir haar 'n hart uit suiwer goud gegiet

Haar oë het hy laat sprankel soos sterre
en wange so rooi soos rose

Die Here het die engel ma genoem
en haar vir my gegee.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..